Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 20**

# INVENTARIS VAN DIE
# P.G. NEL-VERSAMELING

**Voorwoord**

Petrus Gerhardus Nel is op 24 Oktober 1927 in Fourieskloof in die Waterberge gebore. In 1945 het hy sy matriekjaar by Hoërskool Nylstroom voltooi. In 1948 begin hy sy universiteitsloopbaan by die Universiteit van Pretoria en in 1968 ontvang hy sy doktorsgraad in Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis met 'n proefskrif getitel: "Die geskiedenis en kulturele betekenis van die Orrel in Suid-Afrika". Hy verwerf 'n onderwysdiploma by die Pretoriase Onderwyskollege in 1949 en ontvang die Transvaalse Onderwys (T.O. Beurs) vir die beste finalejaarstudent. Deur die jare het hy verskeie kursusse en diplomas voltooi.

In die 1950's en 1960's het hy as onderwyser, dosent en lektor by verskeie skole en instansies gewerk, soos onder andere Hoërskool Helpmekaar, Hoërskool Wonderboom en die Onderwyskollege van Pretoria. Tussen 1950 en 1952 by die Prince of Wales School in Nairobi, Kenya gedoseer. Hier was hy die stigter van die eerste Afrikaanse Kultuurvereniging en Afrikaanse Historiese Vereniging. Van 1971 is hy 'n senior lektor in Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis en vanaf 1972 professor en hoof van die departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis (ANK) by die Universiteit van Pretoria.

Hy is verantwoordelik vir 'n groot aantal publikasies en was lid van verskeie kultuurorganisasies. Hy was vir 25 jaar lank die voorsitter van die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria en die voorsitter van die Krugergenootskap. In 1998 het hy lewenslange ere-voorsitterskap van die Krugergenootskap ontvang. Hy was onder andere 'n stigterslid en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Kultuurgeskiedenis (SAVK) in 1983 en 'n stigterslid van die Afrikaner-Volkswag in 1984. Hy was ook 'n stigterslid en ondervoorsitter van Radio Pretoria. Hy was baie betrokke by die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

P.G. Nel is op 12 April 1952 met Engela van Wyk getroud en twee dogters is uit die huwelik gebore. Hy is op 19 Oktober 2004 in Nylstroom oorlede. Hy het 'n onbegryplike groot rol in die vakgebied van Afrikaans en kultuur gehad. Die argief-versameling is deur sy vrou, Engela Nel gesorteer en aangewins.